MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

BEKENDE *WAR STORE* NOU IN PRETORIA

Pretoria, 7 Februarie 2012. Die bekende *War Store* wat reeds tien jaar by die Ditsong Nasionale Museum vir Militêre Geskiedenis in Johannesburg gesetel is, is nou ook in Pretoria. Die nuwe winkel is in Fort Schanskop op die Voortrekkermonument Erfenisterrein geleë en pas perfek in by die ou Anglo-Boereoorlogfort wat in 1896 opgerig is om Pretoria te beskerm.

Die winkel voorsien histories-korrekte kleredrag aan versamelaars, die filmindustrie en veterane. Die winkel het oorspronklike, sowel as nagemaakte kledingstukke uit die Zulu-oorlogtydperk, asook die Anglo-Boereoorlog, die Eerste- en Tweede Wêreldoorlog en Korea, tot by die huidige konflik in Afghanistan en Irak. Die winkel koop en verkoop items soos uniforms, medaljes, lapelwapens, gedeaktiveerde klassieke wapens en messe.

Die *War Store* is altyd op soek na militaria en koop graag hierdie items aan. Alan, die eienaar van die winkel, sal elke Saterg tot 16:00 by die winkel wees om sodanige items te waardeer of aan te koop. In die toekoms sal klein militaria-feeste by Fort Schanskop.op dieselfde dag as die antiek- en versamelaarsmark by die Voortrekkermonument plaasvind.

Indien u van u ou uniforms of militaria wil verkoop, kontak gerus vir Alan by 083 225 6729. Die winkel se webtuiste is www.warstore.co.za.

_____

UITGEREIK DEUR:

SONJA LOMBARD

BESTURENDE DIREKTEUR: VOORTREKKERMONUMENT

TEL: 012 326 6770

FAKS: 012 326 8374

E-POS: sonja@voortrekkermon.org.za